

## WOENSDAGOGGEND

---

### 1

Dit is die droom wat haar van koers gooi.

Sy droom die aand dat sy en Nonthando in die verbode kamer is. Die imbuiahout-hangkas se deure staan oop. Die inhoud is so kleurvol en baldadig soos die sambrele op 'n warm Desemberdag op Jeffreygbaai se strand.

Hulle gooi die rokke een vir een oor hulle koppe, rooi, blou, geel, groen, lank en kort. Die rokke hang soos sakke aan haar, maar aan Nonthando se lieflike lyf sit dit perfek.

Nonthando draai in die rondte, in die rondte, haar glimlag aanvanklik breed. Met elke draai verflou die glimlag, totdat haar lippe net 'n dun lyn is. Al verder weg draai sy.

Ester roep haar naam, maar dit waai weg voordat dit behoorlik gevorm is. Weer en weer probeer sy. Die hande wat sy wil lig om te beduie hang swaar langs haar sye. Sy

moet staan en toekyk hoe Nonthando steeds verder en verder weg draai, totdat daar net 'n wasigheid sigbaar is.

Ester vee die nattigheid van haar wange af, lê lank met 'n bonsende hart na die donker plafon en staar voordat sy op haar regtersy draai, die flou bedliggie aanklik en na die boksie slaappille reik. Sy vat dit eindelijk raak en haal die velletjies uit. Druk die pille een vir een met 'n sagte ploggeluid uit die foelie-omhulsel. Toe al agt-en-twintig pille in haar hand lê, buig sy haar kop agteroor. Haar nek span styf. Dan gooi sy die pille in haar mond en sluk dit af met water uit die glas op die bedkassie.

Sy weet al jare lank dat sy haar eie lewe gaan neem, hoewel sy nie geweet het hoe nie. Of wanneer nie. Het selfs uit desperaatheid metodes gegoogel. Simpel antwoorde gekry. Geweet dat die daad nie morsig moes wees nie, 'n rustigheid moes hê, sodat sy salig die ewigheid kon in. So anders as haar lewe. Haar regte lewe, die een wat sy so geheim hou omdat dit so breekbaar is, nie die een wat sy vir haar familie en die wêreld voorhou nie. Met haar voorgee-lewe kan min mense fout vind. Omdat sy dit versigtig bestuur. Omdat sy uitstekend is met voorgee.

Sy is moeg vir die lewe. Al jare. Dalk vandat sy gebore is.

Die Here het verkeerd gekies, dit moes sý gewees het wat as kind gesterf het. Nie Hansie en Annabelle nie. Maar nou, in die vroeë oggendure, het sy regtig genoeg van die lewe gehad. Sy is moeg vir die skuld wat permanent haar stille, donker metgesel is. Skuld. Dié woordjie slaag nie daarin om die pyn wat dit bring, vas te vang nie. 'n Langer, meer dramatiese woord is nodig.



“Skuld” se meervoudige betekenis staan Ester ook nie aan nie. Wanneer dit kom by finansiële skuld en daardie verrottende skuld wat swerend in haar siel broei, is daar geen ooreenkomste nie. Aan finansiële skuld kan jy tog iets doen. Aan haar skuld? Niks. Daarvoor is dit veels te laat.

Sy het tot op hierdie uur nog so blakend gesond gelyk soos wat haar amper vyftigjarige liggaam toelaat, maar onder die vet en spiere, weggesteek, het die vrot gelê.

Soms wou sy kwaad word omdat niemand dit sien nie, omdat sy dié las alleen moes dra. Dan het haar gesonde verstand weer ingetree en het sy geweet dat sy dit so verkies.

Dit was háár sweer, háár seer, háár skuld.

## 2

Mila Majolo is besig om die eerste van twee appels – rosig en rond, sonder ’n merkie op die fyn skil – in netjiese skywe te sny toe die oproep op haar Galaxy S10 deurkom.

Sy kyk gesteurd daarna, herken nie die nommer nie en draai die selfoon met die skerm na onder op haar lesse-naar. Toe die gelui nie ophou nie, tel sy dit vinnig op en maak die klank dood.

Dit is net ná agt op ’n Woensdagoggend en vir haar beteken dit ontbyt. Hierdie uur onderbreek sy slegs vir ’n noodgeval. Gewoonlik eet sy in die vierkant – soos hulle na die stukkie gras met die visdammetjie en die sement-bankies daaromheen verwys – en as dit die dag reën, soos vandag, geniet sy haar ete in die koffiekroeg op die

